

Saterdag 27 November

Skrifgedeelte: Jesaja 62:1-12

Fokusgedeelte: Jesaja 62:4, 12
(1953-vertaling)

Maar jy sal genoem word: My Welbehae!

Jesaja 62 profeteer God se wonderlike handeling. Sion is die plek van aanbidding en Jerusalem die sentrum van onderrig. Beide verkondig dat Hy sy volk (kerk) in genade bewaar, God maak nie leë beloftes nie.

Die terugkeer uit ballingskap is net die begin. Geloof ontvang 'n nuwe indentiteit in Christus. *“Jy sal nie meer genoem word Verlatene nie, en jou land sal nie meer genoem word Wildernis nie. Maar jy sal genoem word: my welbehae, en jou land: die getroude; want die Here het 'n behae in jou, en jou land sal getroud wees”* (Jes. 62:4).

Heidenvolke se spot en minagting ten spyt, herstel die Bruidegom sy kerk, gee sy geliefde 'n kosbare naam: *My Welbehae!* Getroud met die Waarheid, sal die kerk groei uit heidenvolke. In liefdesorg het Hy geroepe wagte voorsien, wat gedurig oproep tot bekering en lofdiens. Hy eis sy bruidskerk se volgehoue gebede. Al is Hy nie hardhorend of ver nie, moet hulle vertrou en volhard. God ontvang voortdurende eer, wanneer sy bruid sonder ophou na Hom roep, Hom vas en seker vertrou. Hulle afwagtende gebed vorm ook die lofsang van dankbare verlostes. Hierdie jubel-lewe, wat Christus verkondig, evangeliseer die heidenwêreld.

Die hoogste doel van menswees is die lof en eer en roem van die Here. Hy eis praktiese vertrou, in gewillige nadering tot Hom; in geloofsarbeid; in beplanning; in die verwydering van sonde; in openbare getuienis. Sulke vertrou, om die Here bo alles lief te hê, versterk en bemoedig. Alle ontberings word seën in Jesus.

Die Heilige Gees leer ewigheidswaarde in Christus. *“En hulle sal genoem word: die heilige volk, die verlostes van die HERE; en jy sal genoem word: die begeerde, die stad wat nie verlaat is nie”* (Jes. 62:12). Gelowiges kán geborge lewe!

Sing: Psalm 45-1:1, 10, 16

Ds. LJ Erasmus (Lou) (Naboomspruit)